

Referaat gelewer tydens die 7de Volkskonsilie van die Geloftevolk van Suid Afrika, 19-21 April 2019 te Orania Volksskool.

Deur Adv. Lourens Joubert

PSALM 78:38

³⁸“Maar Hy is **barmhartig**, Hy **versoen** die **ongeregtigheid** en **verdelg** nie, en dikwels wend Hy Sy **toorn** af en wek nie al Sy grimmigheid op nie.

³⁹En Hy het daaraan gedink dat hulle maar vlees was, 'n wind wat weggaan en nie terugkom nie”

Benaderingswyse

1. Daar sal soos volg te werk gegaan word:
 - 1.1 Wat die stelling bedoel sal eerstens ontleed word;
 - 1.2 Daarna sal oorweeg word wat dit Nuwe Testamenties bedoel;
 - 1.3 In die derde plek sal oorsigtelik gelet word op enkele insidente in ons volk se geskiedenis waar die genade van die HERE duidelik opgemerk kon word;
 - 1.4 Daar sal verder na 'n dieper geestelike betekenis gesoek word;
 - 1.5 En laastens sal gepoog word om 'n sinvolle gevolgtrekking te maak.

Die bedoeling

2. Die psalmdigter, Asaf, wou klaarblyklik die boodskap oordra dat ons Hemelse Vader te midde van sy strenge regverdigheid wat nie die sonde kan oorsien nie, 'n vergewensgesindheid ten opsigte daarvan handhaaf.
3. Volgens oorlewering is hierdie verse saam met Deut 28:58 – 59 voorgedra wanneer die lyfstraf/geseling van 39 houe toegedien is.
4. By oorweging van die betekenis van vers 38 word vers 39 daarmee saamgelees ten einde die motivering vir die bepaalde optrede te vind.

5. Volgens die oorspronklike betekenis van die woorde blyk die volgende:

5.1 Volgens HAT beteken “**barmhartig**” (“rakh-oom”) “medelydend/met meegevoel”;

5.2 Volgens HAT beteken “**versoen**” (“kaw-far”) “om vrede te maak met / te herstel / om te bedek / te kanselleer”

5.3 Volgens die HAT beteken “**ongeregtigheid**” (“aw-vone’) “sonde / onvolkomendheid / oortredinge / booshede”;

5.4 Ons weet dat “**sonde**” breedweg beteken “oortreding van die Wet” (sien Ex 32:31, Dan 9:5, Neh 5:17, 1 Sam 15:24 en Lev 5:17).

In Grieks beteken sonde “**hamartia**” letterlik “om die merk te mis”. Mens sou kon sê dit beteken “om nie aan die standaard te voldoen nie / om te kort te skiet”.

5.6 Met “**oortreding van die Wet**” word bedoel on- regmatige optrede of ongeregtigheid (sien Matt 7:23, 13:24, 2 Kor 6:14).

5.7 “**Verdelg**” beteken volgens die HAT “uitroei / uitdelg / vernietig / doodmaak / uitwis / voor Sy aangesig wegvee”;

5.8 Met “**toorn**” word volgens die HAT bedoel “verontwaardiging / gramskap / woede”. (Ons lees van die toorn van die HERE wat in Levitikus 10 ontvlam het teen die seuns van Aäron, Nadab en Abihu wat vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring het as gevolg waarvan daar, soos met die verbranding van die offerandes, “*vuur vanuit die aangesig van God gegaan en hulle verteer (het) en hulle het gesterwe*”. Ook in 2 Kon 24:20 toe “*die toorn van die HERE oor Juda en Jerusalem gekom het en hy hulle voor sy aangesig weggewerp het*” in die Babiloniese ballingskap).

6. Soos wat die HERE almagtig, alomteenwoordig en alwetend is so is een van Sy wesenskenmerke dat hy barmhartig is. Dit spuit klaarblyklik voort daaruit dat hy liefde is.

7. Hierdie wesenskarakter van die HERE word deur Homself bekend gemaak aan Moses in Ex 34:6. Daar staan geskrywe dat Moses met die twee kliptafels Sinai-berg bestyg het om weer die 10 gebooue te ontvang en toe die naam van die HERE aangeroep het waarop die HERE in antwoord terug uitgeroep het:

“HERE, HERE barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot in goedertierenheid en trou”.

Die vertaling “**Die Pad van die Waarheid tot die Lewe**” vertaal Ex 34:6 soos volg: *“JHWH, JHWH (Ek is, Ek is) magtige God, vol omgee en goedgunstigheit, stadig om kwaad te word, oorvloedig in vriendelike goedheid en waarheid”.*

8. Ons weet uit die geheel van die tema van die Skrif die HERE vergewe sonde maar Hy laat dit nooit ongestraf bly nie. (Lg is 'n wetmatigheid wat konsekwent intree. Met “vergewe” word dan bedoel dat Hy die geestelike oordeel wegneem en met “ongestraf” dat die fisiese gevolge van die sonde onafwendbaar is).

Die Nuwe Testamentiese konteks

9. Hierbo is gemeld dat “versoen” beteken “om vrede te maak”. In Nuwe Testamentiese konteks beteken dit dat daar in Christus versoening tussen die HERE en Sy uitverkorenes gekom het deurdat Christus, die “Prins van Vrede” aarde toe gekom het om vrede te bring. Met vrede word die volgende bedoel:

9.1 **Vrede met** die HERE – dit is tussen die HERE en Sy gelowige uitverkorenes, met ander woorde die sonde maak nie meer skeiding nie;

9.2 Die **vrede van** GOD wat die innerlike vrede wat alle verstand te bowe gaan, bedoel;

9.3 In die **vrede op aarde** tussen die mense onderling, welke vrede eers gaan aanbreek met die 1000-jarige vrederyk;

9.4 Terwyl die vredesgroet “shalom, shalom” die seënwenis bevat wat lui “mag die HERE jou rondom insluit / omvat” met ander woorde seën in alle opsigte en ten opsigte van alles wat jou aangaan.

10. Met die geboorte van Christus het die engele gesing “vrede op aarde in die mense ‘n welbehae” (Matt 2:17). Die koms van Christus na die aarde het vernaamlik ten doel gehad om die werke van die satan ongedaan te maak volgens 1 Joh 3:8. Die oorwegende bose werk van satan was dat hy die vredevolle verhouding tussen die HERE en Adam en Eva verbreek het. Dit is in Christus met ander woorde herstel vir die uitverkore gelowige.
11. Die uitwerking van voorgaande is dat die Nuwe Testamenteiese gelowige in Christus met die HERE versoen is. En omdat die gelowige in Christus is het die HERE nou in elke gelowige ‘n welbehae en maak die sonde nie meer skeiding nie. Dit is die geval mits die gelowige met Christus beklee bly.

Voorbeelde uit ons geskiedenis

12. Mens sou vele ongeregtighede van die volk kan opnoem:

12.1 Ons gewoonte-godsdiens en selfs moontlike valsheid;

12.2 Die gruweldade wat gepleeg is byvoorbeeld die moorde op Dr Verwoerd en Dr Smit, die Rietbok- vliegcramp; leuens van die politici, ens;

12.3 die ontering van Sy Naam deur nie die eer aan Hom te gee wat Hom toekom nie.

13. Daar was verskeie insidente of gebeure in ons volksgeskiedenis wat getuig van die HERE se barmhartigheid met ons:

13.1 die genade ter see dat Jan van Riebeeck en andere veilig Suid-Afrika bereik het en die vestiging van protestantisme aan die Kaap;

13.2 Met die Groot Trek toe Piet Retief 400 man met hom na Dingaan wou saamneem in plaas van 70; toe die Matabele mag van 20 000 na die aanval op Gatslaer nie deur die vol Tugela kon kom om die trekkers uit te wis nie;

13.3 Die genade aan die Voortrekkers bewys by die Slag van Vegkop en Bloedrivier;


13.4 Die insig van Paul Kruger in 1880 om te besef nie-nakoming van die geloftes is die oorsaak van die verlies van die volk se vryheid;

- 13.5 Die burgeroorlog wat Paul Kruger afgewend het en die talle kere wat die waarskuwings van Siener van Rensburg die kommando's kon gered het;
- 13.6 Die werk van Vader Kestell na die Anglo-Boere-oorlog, en die stigting van die Reddingsdaadbond en die herstel van die volk;
- 13.7 Die uitkoms van Volksvergadering 2009 dat die herstelpad van die volk loop deur nakoming van die geloftes en die uitvloeisel daarvan in 'n teokratiese bedeling wat eenparig aanvaar is en lei tot 'n besoek aan die Paardekraal Geloftefeesterrein in 2019.

Soeke na 'n dieper betekenis

14. As vers 39 verklaar dat die HERE Sy toorn dikwels afwend en die volk se ongeregtighede versoen omdat Hy in gedagte hou dat ons maar net vlees is, vind ons troos daarin dat Hy ons swakhede ken en verstaan. Dit is egter ons vleeslike self wat in stryd is met ons Gees en verhinder dat ons die Godsvrug voortbring wat van ons verwag word.
15. Die mens in sy vleeslikheid word juis gedryf deur instinktiewe behoeftes wat deur Maslow in 'n piramidevorm voorgestel word. Dit strek van die mees basiese behoefte aan oorlewing, dan veiligheid, dan om te behoort, dan om iemand te wees en dan om "die beste ek" te wees as finale selfverwesening. So bou 'n volk se behoeftes ook opmekaar: bv sy voortbestaan, ekonomies-lewensvatbare toekoms, volkseie-identiteit, vryheid en selfhandhawing.

MASLOW SE VOORSTELLING VAN MENSLIKE BEHOEFTE:



16. Hierdie vleeslike behoeftes is telkemale in ons volk opgebou en dan maar weer afgebreek. Dink aan die herhalende stryd en verliese van die Vryburgers, die Oos-Grens Boere, die Voortrekkers in Natal, die Burgers in die Boere Republieke, die opkoms van Afrikaner-Nasionalisme en republiekwording wat weer oorgegaan het in die huidige ballingskap. Dalk beteken dit vir ons iets wat ons nie raaksien nie? Het ons bv nog altyd die HERE eerste gestel? Ook in ons volksake?
16. Waar die toekoms van die volk 'n geestelike toekoms en die roeping van die volk 'n geestelike roeping is, volg dit dat die vlees wat telkemale maar voorrang wil geniet, afgebreek moet word. Om die HERE eerste te stel in alles hou dalk meer in as wat die volk nog tot dusver besef het.

Gevolgtrekking

17. Daar word aan die hand gedoen dat 'n geheelpatroon uit voorgaande na vore kom wat nie durf misgekyk word nie en verdere aandag en bespreking verdien ten einde by geldige gevolgtrekkings uit te kom.
18. Die volk het rede om te glo en 'n beroep te doen op die barmhartigheid van die HERE wat nie die volk in sy toorn gaan verdag nie, maar eerder barmhartig gaan wees omdat Hy die swakheid van die vlees in die volk in gedagte sal hou.
19. Daarenteen sal die HERE nie toelaat dat vleeslike behoeftes in die pad staan van die verwesenliking van die geestelike roeping van die volk as priestervolk nie en is dit die proses wat die volk tans ondergaan. Meeste volksgenote sal immers kan getuig van die verlies aan die gevoel van behoort, vryheid, geborgenheid en veiligheid wat tans ervaar word.
20. Slegs indien 'n periode van lyding of swaarkry wel sin maak, sal 'n volk die hoop behou om betekenisvol te kan voortbestaan en 'n eie volksidentiteit te kan ontwikkel.

ORANIA

20 APRIL 2019